

Huisgeloof2018#37 – Maandag 26 November tot Sondag 2 Desember – Lukas 21:25-36

25 EN daar sal tekens wees aan son en maan en sterre, en op die aarde benoudheid van nasies in hulle radeloosheid, wanneer see en branders dreun, 26 en mense se harte beswyk van vrees en verwagting van die dinge wat oor die wêreld kom. Want die kragte van die hemele sal geskud word. 27 En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlijkheid. 28 En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is. 29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome. 30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. 31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. 32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie. 33 Die hemel en die aarde sal verbygaan, maar my woorde sal nooit verbygaan nie. 34 MAAR pas op vir julleself, dat julle harte nie miskien beswaar word deur swelgery en dronkenskap en sorg van die lewe nie, en dié dag julle nie skielik oorval nie. 35 Want soos 'n strik sal hy kom oor almal wat op die hele aarde woon. 36 Waak dan en bid altyddeur, sodat julle waardig geag mag word om al hierdie dinge wat kom, te ontvlug en voor die Seun van die mens te staan.

Die laaste Huisgeloof van die jaar berei ons voor op ADVENT tyd in die kerkjaar. Adventstyd mors 'n bietjie met ons persepsie van tyd. In die eerste plek, leef ons in 'n wêreld met 'n liniêre persepsie van tyd – een gebeurtenis volg op 'n ander, terwyl die kerk se kalender egter siklies is – patrone van gebeurtenisse wat herhaal. In die tweede plek, terwyl die res van Suid-Afrika gereedmaak om die jaar af te sluit, *start* ons die jaar al klaar weer op. Terwyl die res van die wêreld moeg en sat is, kry ons nuwe hoop!

Die tekste van die leesrooster tydens ADVENT maak ons gereed vir die koms van Jesus – op Kersdag – maar doen dit hierdie jaar deur 'n paar apokaliptiese tekste wat praat oor die einde van die wêreld. In Lukas 21 praat die skrywer met sy gehoor wat waarskynlik alreeds die kruisgebeure gesien het en wat nou wag dat Jesus weer moet terugkeer. Lukas is vaag oor wanneer Jesus weer gaan terugkeer – hy sê net dat dit vir die Kerk so duidelik sal wees as wanneer daar bloeisels aan 'n vrugteboom is. Lukas is egter baie duidelik oor dat ons *gereed* moet wees wanneer Jesus weer kom! Intussen moet ons ons nie bekommer oor die alledaagse nie. Ons moet met doelgerigte selfvertroue wag dat Jesus weer sal terugkeer. Dit skep die ruimte vir die missie van die Kerk.

Die Adventsritueel: Tydens die Advent-seisoen word die geheimenis van God se liefde vir ons oopgemaak, terwyl ons die herdenking van Jesus se geboorte nader. Daardie wonderlike diep woorde van Kierkegaard is van toepassing: “Dit is baie makliker om 'n Christen te word as jy nie een is nie as om een te word as jy aanneem dat jy een is!” Ons het nodig om tydens hierdie Advent-seisoen onself te verdiep in vreugde, dankbaarheid en voortdurende verwondering! Dis op 2 Desember die eerste Advent Sondag.

Die Adventkrans en die 5 kerse:

Die Adventkrans het sy ontstaan in 16de eeuse Duitsland en simboliseer dat God se liefde geen begin en einde het nie. Daar is vier kerse (drie bloues en 'n rooskleurige een) wat in die krans self is en die groot wit Christuskers wat in die middel van die krans is. Die kerse word op die verskillende Advent Sondae aangesteek en die Christuskers op Oukersaand of Kersdag self!

Op die eerste Advent (dit beteken koms na die wêreld en verwys na Christus se eerste koms en Sy wederkoms) steek ons die blou kers van hoop aan.

Op die tweede Advent steek ons die blou kers van vrede aan, daarna op die derde Advent die rooskleurige kers van vreugde en op die vierde Advent die blou kers van liefde.

Dit is 'n pragtige tradisie wat kerke en families kan gebruik om hulle in die Kerstyd te laat fokus op Christus, ons Verlosser.

Christus se koms is nie net eenmalig nie, maar is altyd besig om te gebeur.

Elke tree 'n aankoms

Eugene Peterson, die vertaler van *The Message*, is onlangs oorlede. Hy het 'n geliefde gedig wat iets van 'n Jesusvolgeling se lewe beskryf het – dit het hom geïnspireer, mag dit ook met ons siele praat. Dit gaan oor 'n hond wat spoorsny – oor rotse en deur modder, maar die hond het 'n doel... die doel wat ook ons as Jesusvolgeling op hierdie eerste Adventsondag moet hê – waar ons met verwagting, doelgerig en avontuurlik leef... Luister met verbeelding na die gedig, sien die prentjie voor jou afspeel, hoor hoe dit resoneer met die hoe van dissipelskap om met verwagting te lewe.

*Let's go — much as that dog goes,
Intently haphazard...
Under his feet
rock and mud, his imagination, sniffing,
engaged in its perceptions — dancing
edgeways, there's nothing
the dog disdains on his way,
nevertheless he
keeps moving, changing
pace and approach but
not direction — “every step an arrival.”*

Kan jy sien hoe elke tree van 'n Jesusvolgeling in hierdie lewe 24/7 'n aankoms in Sy teenwoordigheid is! As ons bewus is van Sy teenwoordigheid, is ons verwagting ook anders...

Die wederkoms van Jesus

Daar is altyd spekulاسie oor die hoe en wanneer van Sy wederkoms (*parousia*) – maar hierdie soort onnodige spekulاسie is nie wat Jesusvolgeling se fokus moet steel nie. Wat ons wel moet inspireer, is dat die geskiedenis doelgerig op pad iewers heen is – dit is wat ons *moet* weet en *al* wat nodig is om te weet.

Gewoonlik is *Parousia* vir ons 'n tegniese term vir die wederkoms. Maar dit beteken eintlik 'teenwoordigheid'. Die woord *Parousia* word 24 keer in die Griekse NT gebruik as 1) aankoms of 2) teenwoordigheid.

Lang debatte onder geleerdes het tot die gevolgtrekking gekom dat dit beter is om dit met *teenwoordigheid* te vertaal. So, *Parousia* is die algemene term vir die teenwoordigheid van God in alle werklikheid!

Parousia is Jesus se teenwoordigheid wat sigbaar word as Hy weer kom, maar intussen is Hy onsigbaar teenwoordig as ons Onsigbare Leier in Wie se vars spore ons as Jesusvolgeling trap, want ons leef 24/7 in Sy teenwoordigheid.

Lees die tekens: Ons houding moet wees soos vers 28 en 34 dit stel: STAAN REGOP & LIG JULLE KOPPE OP... WEES TEN ALLE TYE WAAKSAAM EN BID!

Die wederkoms verander ons houding – ons manier van leef – Christene is nie negatiewe, klaende mense nie, nee, ons is mense van hoop, wat leef met 'n doelgerigte verwagting. Mense van hoop leef nie met oogklappe nie, staar hulle nie blind teen die omstandighede nie, maar kyk bo-oor dit. *Parousia* bepaal hoe jy nou leef!

Parousia wek 'n waaksaamheid - nie om van flou te word nie – wat jou gefokus hou op jou doel. ...“*keeps moving, changing pace and approach but not direction*”, want jy is in kontak met Jesus 24/7 – “*every step an arrival*”.

Te midde van moeilike tye én mense, waar mense om Jesusvolgeling paniekerig word, flou val van vrees (vers 26), moet Jesusvolgeling hulle koppe hoog hou, bid dat hulle sterk sal staan in Sy teenwoordigheid te midde van alle soorte storms.